# NATUURWETENSKAPPE EN TEGNOLOGIE
# VRAESTEL
# GRAAD 5
# JUNIE 2024

**EKSAMINATOR:** **TOTAAL: 50**
**MODERATOR:** **TYD: 1½ uur**

---

**INSTRUKSIES**
1. Hierdie vraestel bestaan uit ses vrae.
2. Beantwoord al die vrae in hierdie vraestel.

## VRAAG 1

Elke vraag het vier moontlike antwoorde. Kies die korrekte antwoord.
Bestudeer die volgende prente wat die kombinering van materiale uitbeeld en antwoord daarna Vrae 1.1–1.4.


1


2


3


4

1.1 Watter kombinering van materiale word voorgestel deur nommer 1?
A. Meng en hitte toevoeg
B. Meng, droog en/of bak
C. Meng en verharding
D. Meng en verkoel (2)

1.2 Watter kombinering van materiale word voorgestel deur nommer 2?
A. Meng en hitte toevoeg
B. Meng, droog en/of bak
C. Meng en verharding
D. Meng en verkoel (2)

1.3 Watter kombinering van materiale word voorgestel deur nommer 3?
A. Meng en hitte toevoeg
B. Meng, droog en/of bak
C. Meng en verharding
D. Meng en verkoel (2)

1.4 Watter kombinering van materiale word voorgestel deur nommer 4?
A. Meng en hitte toevoeg
B. Meng, droog en/of bak
C. Meng en verharding
D. Meng en verkoel (2)

1.5 Waarom word materiale verwerk?
A. Vir ’n unieke produk
B. Vir ’n duurder produk
C. Om ’n duursamer produk te verkry
D. Om waardelose produkte te skep. (2)

**[10]**

## VRAAG 2

Gee een woord/term vir elk van die volgende beskrywings:

2.1 ’n Lewende spesie waarvan daar min oor is en wat in gevaar is om uit te sterf. (1)

2.2 Die plek in ’n skelet waar twee bene bymekaarkom. (1)

2.3 ’n Klein plantjie wat pas begin groei het. (1)

2.4 ’n Klomp veranderinge wat plaasvind in lewende dinge se leeftyd. (1)

2.5 Organe waarsonder jy nie sou kon oorleef nie, bv. jou hart. (1)

**[5]**

**VRAAG 3**

Klassifiseer elk van die volgende diere as herbivore, karnivore of omnivore.



padda



skilpad



aap



rob



kangaroe

(5)

**[5]**

**VRAAG 4**

4.1 Wat word ’n mengsel van metale genoem? (1)

4.2 Metale word baie wyd in die alledaagse lewe gebruik. Noem drie algemene metale wat in die daaglikse lewe gebruik word. (3)

4.3 Definieer platering en gee ’n voorbeeld van waar platering toegepas is. (3)

4.4 Hoeveel suiwer metale is magneties? (1)

4.5 Wat is roes? (1)

4.6 Noem een manier waarop roes voorkom kan word. (1)

**[10]**

**VRAAG 5**

5.1 Noem twee voorbeelde van tradisionele verwerking van materiale. (2)

5.2 Watter natuurlike produkte word gebruik om vleg- en weefwerk mee te doen? (1)

5.3 Wat is tradionele gebruike van kleipotte? (3)

5.4 Watter tradiosionele bevolkingsgroep verf hul huise vol helderkleurige patrone? (1)

5.5 Watter eienskappe van beton maak dit geskik om te gebruik in die bou van damwalle en plaveisel? (2)

5.6 Wat beteken duursaam? (1)

**[10]**

## VRAAG 6

6.1 Noem vier eienskappe van metale, en bespreek twee daarvan. (6)

6.2 Watter twee eienskappe van niemetale word hieronder uitgebeeld?





(2)

6.3 Gelei niemetale elektrisiteit? (1)

6.4 In watter fasetoestand is metale by kamertemperatuur? (1)

**[10]**

**TOTAAL: 50**